higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4

(3081034)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Krag wat nie deur die partye tot 'n kontrak beheer kan word nie en verhoed dat partye die kontrak kan nakom:

A Bedreiging
B Beperking
C Risiko
D Force majeure

1.1.2 … word gebruik vir inspeksie, voorraadopname en taakbestuur.

A Datablaaie
B 'n Tydblad
C 'n Begrotingsbeheerblad
D Kontrolelyste

1.1.3 Ongeskrewe reëls van gedrag informele riglyne aan werknemers verskaf oor hoe om op te tree:

A Norme
B Etiek
C Uithouvermoë
D Gedragskode

1.1.4 'n Metode wat gebruik word om probleme te ontleed:

A Kommunikasie
B Versagting
C Probleemboom
D Probleemoplossing

1.1.5 'n … vertoon inligting oor 'n projekskedule deur projek-aktiwiteite met ooreenstemmende begin- en einddatums in kalendervorm.

A Work Breakdown Structure (WBS)
B Gantt-kaart
C Lessenaarkalender
D Mylpaal

(5 × 1) (5)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord/e langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 'n … is 'n teken dat 'n risikogebeurtenis kan plaasvind.

1.2.2 'n Gebeurtenis van korte duur wat die projek kan affekteer, word 'n ... genoem.

1.2.3 … is 'n proses om verskeie idees vinnig te genereer.

1.2.4 'n … is 'n formeel goedgekeurde dokument wat gebruik word om die uitvoering van 'n projek te bestuur en beheer.

1.2.5 'n Taak/Aktiwiteit wat begin of afgehandel moet word voordat 'n ander taak of mylpaal uitgevoer kan word, is 'n … taak.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	'n Dokument wat voorberei word soos die projek geëvalueer word	A	verifikasie
		B	projekevalueringsverslag
1.3.2	'n Stel reëls wat die verantwoordelikhede, verwagte gedrag en praktyke van 'n organisasie uiteensit	C	lesse geleer
		D	spandinamika
		E	kommunikasieplan
1.3.3	Om te evalueer of die produk/diens aan gehaltestandaarde voldoen	F	gedragskode
		G	Work Breakdown Schedule (WBS)
1.3.4	Dokument wat voorstelle aandui om die hantering van toekomstige projekte te verbeter		
1.3.5	Beïnvloed hoe 'n span presteer		

(5 × 1) (5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Navorsingsplanne beskryf wat jy gaan doen wanneer 'n risiko 'n werklikheid word.

1.4.2 Inspeksie is 'n nuttige hulpmiddel vir gehaltebeheer.

1.4.3 Uitsluitings word spesifiek in die projek ingesluit omdat hulle nodig is.

1.4.4 Projekevaluerings moet onpartydig en onafhanklik wees.

1.4.5 Voorspelling is om die toekoms van 'n projek se status en vordering te voorspel.

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

KUYASA-VOEDINGSPROJEK

Projekbestuurder: Asanda Ngeni
Hoof- finansieringsliggaam: The MaciusRestis Charitable Trust van Griekeland

Die Voedingskema voed 250-300 wesies en kinders van benadeelde areas weekliks van Maandag tot Vrydag in die somer. Die getalle daal egter in die winter vanweë die reënweer en koue. Gedurende die vakansietydperk in Desember en openbare vakansiedae kry die kinders kospakkies om huis toe te neem. Om soveel ekstra kinders te voed, is moontlik vanweë skenkings wat uit verskeie bronne ontvang word.

Die kinders kry elke dag 'n gebalanseerde ete bestaande uit koolhidrate, proteïen en groente asook vrugte en vars vrugtesap. Die spyskaart wissel afhangend van die seisoen en beskikbaarheid van kos.

Die Kuyasa-voedingsprojek wil kinders en jeug uit voorheen benadeelde gemeenskappe bemagtig om onafhanklik te word. Die projekborge het twee vrouens uit die Kayamandi-gemeenskap (Mama Aloni en Mama Fibi) as spanleiers in diens geneem.

Daar is ook vrywilligers en werklose ouers uit die Kayamandi-gemeenskap wat help om kos uit te deel en skottelgoed en messegoed te was. Mama Aloni werk saam met die vrywilligers om kos uit te deel en Mama Fibi werk saam met die werklose ouers om die kos te maak.

Gemeenskapsleiers en werklose ouers het hulle dank vir hierdie projek uitgespreek wat die kinders kos gee en lewensvaardighede vir hulle aanbied. Die trust het ook kombuistoerusting, 'n koelkamer, vloerteëls en bedrading gefinansier. 'Ons is baie gelukkig om te kan sê dat ons kombuis nou aan gesondheidstandaarde voldoen.'

Toekomsplanne/Visie vir die Projek

- Die vermoë om meer kinders kos te gee
- Die vermoë om die bejaardes ook kos te gee
- Beter kooktoerusting om vir meer kinders kos te gee
- Meer messegoed (lepels), koppies en borde
- 'n Meer gereelde bron van vars kos (d.w.s. vrugte en groente) van groothandelaars eerder as om 'n paar keer 'n week by plaaslike supermarkte teen verbruikerspryse te koop
- 'n Dakkappie ('canopy') vir beskerming teen die reën in die winter

[Bron: *Aangepas uit http://www.kuyasa-empowerment.org/Home.aspx*]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Daar is verskeie soorte projekte.

2.1.1 Watter soort projek is die Kuyasa-voedingsprojek?

2.1.2 Wat is die doel van hierdie projek? (2 × 2) (4)

2.2 Die projekplan is 'n noodsaaklike dokument wat ontwikkel moet word.

2.2.1 Hoe sal Asanda, die projekbestuurder, die konsep 'projekplan' aan haar span verduidelik? (2)

2.2.2 Noem VIER aspekte wat in die projekplan ingesluit moet word. (4)

2.2.3 Watter projekleweringstrategie is gebruik om hierdie projek te implementeer? (2)

2.3 Leierskap in 'n fundamentele bestuursfunksie. Die projekbestuurder het leierskapvaardighede en -tegnieke nodig om die projek te bestuur.

2.3.1 Noem VIER leierskapvaardighede wat jy dink Asanda moet hê om 'n suksesvolle projekbestuurder te wees. (4)

2.3.2 Identifiseer VIER basisreëls vir die Kuyasa-voedingsprojek se bedrywighede. (4 × 2) (8)

2.3.3 Wie borg hierdie projek? (2)

2.3.4 Wat is die borg se verantwoordelikheid? (2)

2.3.5 Identifiseer VIER ander relevante belanghebbendes in die Kuyasa-voedingsprojek. (4)

[32]

VRAAG 3

3.1 Die spanleier of toesighouer moet seker maak dat die projekspan die oogmerke en doelwitte behaal wat vir die projek gestel is.

3.1.1 Dui SES toesighoudende aktiwiteite aan wat die spanleier ten opsigte van die projekspan moet uitvoer. (6)

3.1.2 Beskryf hoe die projekspanleier individuele aktiwiteite aan spanlede moet delegeer. (4 × 2) (8)

3.2 Onderskei tussen 'n *einde-tot-begin afhanklikheid* en 'n *begin-tot einde afhanklikheid*. (2 × 2) (4)

3.3 Stel 'n organogram vir die Kuyasa-voedingsprojek op deur relevante inligting uit die gevallestudie te gebruik. (5)

3.4 Die Work Breakdown Schedule (WBS) is 'n nuttige hulpmiddel om te gebruik wanneer 'n projekskedule ontwikkel word.

3.4.1 Wat is die doel van 'n skedule van aktiwiteite vir 'n projek? (4)

3.4.2 Verduidelik die gebruik van 'n Work Breakdown Structure (WBS) in die ontwikkeling van die skedule vir die projekspan. (8)

[35]

VRAAG 4

4.1 Behoorlike monitering- en beheermaatreëls moet in plek wees om enige projek in staat te stel om sy doelwitte suksesvol te behaal.

4.1.1 Watter aspekte van die Kuyasa-voedingsprojek moet Asanda en haar span gereeld monitor? (4)

4.1.2 Identifiseer DRIE moontlike probleme wat in die Kuyasa-voedingsprojek kan voorkom. (3)

4.1.3 Verduidelik die uitwerkings wat hierdie probleme op projek-lewerbares kan hê. (2)

4.1.4 Watter SES stappe moet Asanda en die projekspan doen wanneer die probleme wat in 4.1.2 genoem word, opgelos word? (6)

4.1.5 Hoe moet die projekbestuurder 'n inspeksieprosedure ontwikkel om projek-aktiwiteite te kontroleer en verifieer? (4)

4.2 Doeltreffende kommunikasie is noodsaaklik vir die sukses van enige projek.

4.2.1 Noem VIER metodes wat gebruik kan word om vordering en projekveranderinge aan die belanghebbendes te kommunikeer. (4)

4.2.2 Verduidelik waarom dit nodig is om verslae konsekwent volgens die kliënt se spesifikasies en tydsraamwerke te produseer. (3)

4.2.3 Watter inligting moet in die veranderingsversoekvorm ingesluit word? (3)

[29]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Dit is belangrik dat enige projek 'n risikobestuurspan ontwikkel om moontlike risiko's te verhoed of versag, of voordeel trek uit moontlike risiko's wat kan voorkom.

5.1.1 Verduidelik die term *risiko*. (2)

5.1.2 Beskryf doeltreffende beheermaatreëls wat Asanda kan implementeer om alle elemente van die projek in terme van die Wet op Gesondheid en veiligheid te beheer. (3 × 2) (6)

5.1.3 Verduidelik die metodes wat Asanda kan gebruik om die projekrisiko te monitor en beheer. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik kortliks die konsep *kwaliteitsbestuur* aan die projekspan. (2)

5.3 Verduidelik kortliks wat sal gebeur wanneer kwaliteit nie op die Kuyasa-voedingsprojek bestuur word nie. (3 × 2) (6)

5.4 Watter punte moet Asanda in gedagte hou wanneer projekevaluerings beplan en uitgevoer word? (3 × 2) (6)

5.5 Watter lesse kan geleer word ten opsigte van leierskap? (2 × 1) (2)

5.6 Noem VIER redes waarom ons lesse wat geleer is dokumenteer. (4)

[34]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou